



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

23 Desember 2021

Gedagte vir die week:

Jy kan 'n present gee of jy kan 'n present wees. Jou keuse!

Vertretpunt:

Matteus 2:1-12

Meditasie uit die Woord:

Ek het as 'n klein seuntjie altyd gewonder oor die wierook, goud en mirre. Ek het gewonder hoekom gee ons vir mekaar geskenke in plaas van soos die wyse manne vir Jesus self. Ek wou, in my naïewiteit, saam met die wyse manne vir hom iets gee, maar hoe? Ek het mettertyd geleer dat ons God liefhet via mense en dat ons vir God geskenke gee via mense. Ek aanvaar dit só. En tog, die behoefte om vir Hom direk iets te gee, het by my gebly. Met die verloop van nog lewensjare het ek 'n wys(er) man geword toe ek ontdek dat my grootste direkte geskenk aan God is, hoe ek is. En so het "kersfees" vir my uiteindelik Christusfees geword waartydens ek elke jaar 'n hernude wedergeboorte ervaar. My direkte geskenk aan God is my "is" (being). Nog sagter, nog stadiger, nog oper, nog dieper, nog genadiger, nog meer Jesusrig. Ek sukkel om die geskenk op te maak, hier en daar skeur die papier en wil die kleeflint nie plak nie en die pakkie lyk nie altyd simmetries mooi nie ... maar die Here weet, ek wil vir Hom mirre wees, ek wil vir Hom goud wees, ek wil vir Hom wierook wees. Hy weet! Hy weet! Ek wil! En skielik kan ek nie wag vir Saterdag nie!

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op **Saterdagoggend 25 Desember 2021** om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/kDOPA1C-wvl>

Meditasie uit die Lewe:

Tannie Sue Terblanche het die vermoë om nou en dan iets te vertel wat my diep laat dink. Dankie Tannie Sue! Hierdie week vertel sy van die tyd toe sy kos uitgedeel het by huise waar daar maar min was om te eet. Hulle het onder andere "ready-made" pap uitgedeel wat 'n mens net met water aanmaak. So kom sy eendag by 'n huis waar 'n klein seuntjie op 'n vreemde manier haar rug krap. Sy het gedink hy trek die patrone op haar rok na. Uiteindelik fluister hy in haar oor. Sy mag nie vir sy ouma sê wat hy nou sê nie. Hy sê: "Tannie, ek het op jou rug geskryf" En toe sy vra wat hy geskryf het, antwoord hy, "Ons pap is op". In hierdie dae moet 'n mens dalk met 'n houer kos rondloop en iemand soek vir wie jy dit kan gee. Ja ek weet, dit is nie die langtermynoplossing nie en ons sal slimmer as dit moet dink. Ek weet. Maar dit is mos Christusfees, of is dit al weer maar net "kersfees"?

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com